higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEKENKANTOORPROSEDURE EN TEGNIEKE

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(12050713)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE tekeninge, sketse en diagramme moet in potlood gedoen word.
5. Vryhandtekeninge, sketse en diagramme moet netjies, redelik groot, in verhouding en ten volle benoem wees.
6. Trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
7. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.
8. ALLE afkortings en simbole moet aan die jongste Nasionale Bouregulasies en alle relevante SANS (SABS)-kodes voldoen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEPLANNING EN ONTWERPSPESIFIKASIES

1.1 Wat is die VIER afmetings van die gemiddelde man? (8)

1.2 Maak 'n netjiese, proporsionele vryhandskets van die gemiddelde man en voeg afmetings by te tekening. (6)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Argitekte moet antropometrie oorweeg wanneer 'n gebou ontwerp word.

1.3.2 Die gemiddelde lengte van vroue is groter as die gemiddelde lengte van mans.

(2 × 1) (2)

1.4 Noem die DRIE beweeglikheidstoestelle wat die algemeenste gebruik word. (3)

1.5 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

(Hange/Skuinstes) word gebruik om wielvoertuie soos trollies en kruiwaens toe te laat om van vlakke te verander. (2)

1.6 Voltooi die volgende sin deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

argitek; vakman; toilet; wasbak; beweeg; beweeglikheid; gemaklik; deuropeninge; gange

'n Toegangsvriendelike omgewing sal toelaat dat die rolstoel in die (a) … pas en die gebruiker in staat stel maklik om die toilet en wasbak te (b) … . (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 2: TEKENKANTOORORGANISASIE

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Waar 'n groot groep tekenaars in diens is, is dit moontlik om hulle in groepe of afdelings te verdeel.

2.1.2 Die doel van 'n onderhoud vir die posisie van leerling in die tekenkantoor is om die kandidaat se inisiatief en gesindheid te bepaal.

2.1.3 Die eksterne afdeling van die kantoororganisasie gaan oor inligting wat die kantoor binnekom en verlaat.

2.1.4 Die grootte van die tekenkantoor is die enigste faktor wat die geskikste vorm van organisasie bepaal.

(4 × 1) (4)

2.2 Maak 'n vryhandtekening van 'n vereenvoudigde organisatoriese kaart van 'n tekenkantoor. (8)

2.3 Gee enige VIER van die hooffunksies van 'n tekenaar. (8)

[20]

VRAAG 3: GESONDHEID EN VEILIGHEID VAN 'N TEKENAAR

3.1 Waarvoor staan NOSA? (4)

3.2 Gee enige VYF dienste en tipes raad wat NOSA aan industriële en kommersiële ondernemings verskaf. (5)

3.3 Noem enige VIER stukke persoonlike beskermingstoerusting (veiligheidsklere en beskermende toerusting). (4)

3.4 Noem enige VYF moontlike noodsituasies wat in die werkplek kan voorkom. (5)

3.5 Wat is die betekenis van die kleure, wat hier onder gelys is, in veiligheidstekens:

3.5.1 Groen

3.5.2 Ligte oranje

3.5.3 Rooi

3.5.4 Geel

(4 × 1) (4)

3.6 Maak proporsionele, vryhandtekeninge van die volgende veiligheidstekens:

3.6.1 Asemhalingsbeskerming moet gedra word

3.6.2 Waarskuwing oor die gevaar van elektriese skok

3.6.3 Brandblusser

3.6.4 Elektriese isoleerskakelaar

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 4: MEETINSTRUMENTE EN TOERUSTING

4.1 Maak proporsionele, benoemde vryhandtekeninge van DRIE algemene mikrometers. (6)

4.2 Wat word met 'n dieptemikrometer gemeet? (5)

4.3 Gee VIER gebruike van 'n noniuspasser. (4)

4.4 Maak 'n proporsionele vryhandtekening van 'n noniuspasser en benoem die komponente daarvan. (10)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou